

Renu-Karoo Vakleerlingskap

Renu-Karoo bied 'n geleentheid aan Natuurbewaringstudente om 12 maande se werkservaring op te doen in praktiese bewaring en bestuur. Ons bied ook die geleentheid van deelydse werk aan 'n paar matrikulante en voorgraadse studente.


Hier is ons vakleerlinge van die verlede.

2009

Rudi Swart, NMMU, George Kampus, Saasveld

- Belangstellings: voëls, fotografie, rekenaars
- Tans begin hy sy meesters-vlak navorsing
- Projekte voltooi tydens 2009 sluit in die ontwikkeling van die eerste wandelroete op die Wolwekraal Privaat Natuurreservaat, die opstel van 'n bestuursplan vir die bekamping van die uitheemse *Tamarix ramosissima* (pienktamarisk) en die ontwikkeling van 'n metode om die sade van *Lessertia annularis* (skaapertjie) uit hul peule te verwyder.

In 2011 het Rudi 'n veldhervestigingsprojek bestuur op 'n plaas naby Piketberg in die Wes-Kaap. In 2013 was hy aangestel as 'n kandidaat tegnikus by die Worcester Veldreservaat (Wes-Kaapse departement van Landbou) waar hy navorsing doen oor die ontkieming en leeftyd van die sade van vreetbare Karoo plante.



Rudi Swart in 'n stuk veld wat gerehabiliteer word naby Oudtshoorn

2009

Anneleh Vorster, NMMU, George Kampus, Saasveld

- Belangstellings: kuns, plante
- Studeer tans tandheelkunde te UWK
- Tydens 2009 het Anneleh bygedra tot die ontwikkeling van 'n voorraadmonitering stelsel vir die Renu-Karoo kwekery, die ontwerp van materiaal wat gebruik word tydens die omgewingsopvoedingprogram wat jaarliks by Renu-Karoo gehou word, die ontwerp van blikkies vir die plant en uitbeelding van vetplante en die opstel van 'n dagregister om die daaglikse vordering van Renu-Karoo projekte neer te skryf.



Meraai Isaacs (links) en Anneleh Vorster (regs) besig om Soetdoring boompies by Bergwater te plant

Anneleh is tans 'n tandheelkundige ingenieur.

2010

Sadé Cowley, NMMU, George Kampus, Saasveld

- Belangstellings: medisinale plante, erfenis, kontemporêre dans, organiese tuinmaak
- Projekte aangepak tydens haar jaar by Renu-Karoo sluit in 'n studie oor die medisinale gebruike van plante deur ouer inwoners van Prins Albert en Klaarstroom, en die ontwikkeling van 'n medisinale plantetuin en inligtingstukke vir die Fransie Pienaar Museum. Sy het ook die voorraad-monitoring stelsel, wat deur Anneleh Vorster opgestel is, verbeter en Willem Matthee gehelp om die waterbesparende “eko-sirkel” tuinontwerpe in die dorp te bevorder.



Sadé Cowley (links) en Meraai Isaacs (regs) besig om die gebruike van plante in die medisinale plantetuin by die Fransie Pienaar Museum, Prince Albert, te verduidelik.

Sadé het haar Natuurbewaring Diploma met lof in Januarie 2011 ontvang, en later vir SAParke by Graaff Reinett gewerk.

2010

Willem Matthee, NMMU, George Kampus, Saasveld

- Belangstellings: paddas, voëls, bolplante, ekologie, klasieke musiek, tuinbou
- Projekte voltooi tydens 2010 sluit in die kartering en beskrywing van die habitatte op Wolwekraal, die samestelling van 'n gids om die [omgewing se paddas](#) uit te ken, navorsing rakende die beste maniere om verskeie inheemse bolplante te kweek onder kwekery-toestande, en die bevordering van die water-besparende “eko-sirkel” groentetuin-ontwerp in die dorp.



Willem Matthee besig om te verduidelik hoe voëlent versprei word.

Willem het sy Natuurbewaring Diploma met lof in Januarie 2011 ontvang. Het sy Btech in 2012 voltooi en is tans vir MSc geregistreerd by die Saasveld Kampus van Nelson Mandela Metropolitan University (NMMU). Hy gee ook lesings in Natuur Bewaring by die George Kampus van NMMU. Sy webbladsy verskyn op <http://sru.nmmu.ac.za/SRU-Members>

2010 (Julie)

Elise Damstra, Stravanger, Noorweë

- Belangstellings: diere, reis
- Sy het van 18 Julie tot 24 Julie by Renu-Karoo ondervinding opgedoen rakende die kweek van plante en Karoo ekologie.
- Sy beplan om haar skooljaar in die VK te voltooi en moontlik 'n beroep in veeartsenykunde na te volg



Elise Damstra (links) en Caroline van der Ross (regs) besig om steggies te maak in die Renu-Karoo kwekery

In 2012 het Elise Damstra eerste prys in natuur wetenskap en tegnologie science and technology ontvang vir haar International Baccalaureate (IB) diploma artikel "What is the effect of forest degradation on the density, dominance and relative abundance of herpetofauna in the spiny forests of the Mandrare River Valley, southern Madagascar?"

2010

Thabisisani Ndhlovu, Universiteit Stellenbosch

- Belangstellings: geskiedenis, rekenaars, reis
- MSc navorsing deur (deur ASSET ondersteun) op die impak van *Prosopis* (Suid-wesdoring) indringing and verwydering op ekosisteem struktuur en funksie in Nama Karoo veld op twee skaapboerdery plase naby Beaufort West, Wes Kaap, Suid Afrika. Promotors Prof Karen Esler, en Dr. Sue Milton-Dean.
- Planne: PhD navorsing in 2012



Hier doen Thabisisani Ndhlovu veldwerk op die plaas Brandwag, naby Beaufort Wes

Publication

Ndhlovu, T, S J Milton-Dean & K J Esler 2011. Impact of *Prosopis* (mesquite) invasion and clearing on the grazing capacity of semi-arid Nama Karoo rangeland, South Africa. *African Journal of Range & Forage Science*, 28:129-137.

Link <http://dx.doi.org/10.2989/10220119.2011.642095>

2011 (Jan-April)

Monique Bernic NMMU, George Kampus, Saasveld

- Belangstellings: omgewingsopvoeding, kruie, diere (perde)
- Projekte voltooi gedurende 2011: inligtings pamflette met betrekking tot kruie en vetplante. Sy het ook vir ons winkel assistent, Caroline van der Ross, opleiding gegee oor die invoer van data oor plante en verkope in 'n rekenaar "spreadsheet" program.



Monique Bernic aangetrek vir die Karoo

son

In Mei 2011 is Monique na Addo Olifant Nasionale Park oorgeplaas om haar opleiding te voltooi.

She is nou 'n werwing konsultant vir IT spesialiste. As stokperdjie skryf kommentaar oor nuwe boeke.

2011 (Jan-April)

Theresa Terblanch NMMU, George Kampus, Saasveld

- Belangstellings: gemeenskaps-ontwikkelingsprojekte, diere (slange, akkedisse)
- Projekte voltooi gedurende 2011 sluit in die ontwikkeling van 'n inligtings pamflet oor die uitkenning en ekologie van plaaslike inheemse slange.



Theresa Terblanch help met opname van plantegroei langs die N2 nasionale pad

In Mei 2011 is Theresa na Goukamma Natuurreservaat oorgeplaas om haar opleiding te voltooi. Hier karteer sy die verspreiding van uitheemse indringerplante.



Brenda and Christiaan Viljoen (links bo en -onder) het saam met die Renu-Karoo span gewerk van Januarie tot Julie 2012 as deel van hul praktiese opleiding. Hulle was beide gerigestreer vir Natuurbewaring by die Nelson Mandela Metropolitaanse Universiteit